e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

28 November 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 40

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Liturgiese kalender
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Lukas het die mite platgeslaan

'n Oom het eendag ontsteld by my aangekom. Hy het ook net die storie gehoor van mites rondom die verhaal van Jesus, maar niks daarvan verstaan nie. Ek besef toe dat, waar hy ook al van die *mites* gehoor het, die prentjie nie volledig aan hom vertel is nie.

Daarna moes ek eers sy ontsteltenis kalmeer en hom rustig in sy geloof maak. Eers het ek gesê: Nee, dis nie so erg nie. Hy moet die Bybel bietjie verder lees as wat mense die inhoud soms vertel. Daarna het ek gevra: *Het Oom geweet dat Lukas sy verhaal oor die geboorte van Jesus met 'n mite begin? Die verskil is egter dat Lukas nie 'n mite verdedig het nie, maar wel die mite van daardie tyd aangevat en platgeslaan het*. Ek kon sien dat hy effe onkant gevang was, maar nogtans graag wou hoor.

Kom ek deel hierdie vertelling ook met u so op die vooraand van Advent en Kersfees.

Lukas begin die geboorteverhaal van Jesus met 'n belangrike aankondiging. Hy skryf: *In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling in die hele ryk gehou moet word* (Luk 2: 1).

Hierdie aankondiging het gemaak dat die gelowiges onmiddellik regop gesit het. Eerstens oor Lukas se verwysing na keiser Augustus, en tweedens oor die volkstelling wat aangekondig is. Hul ontsteltenis raak duideliker wanneer 'n mens die volle agtergrond daarvan verstaan.

Gedurende die Romeinse tyd was dit die gebruik om keisers ná hul dood as gode te verklaar. Daarna is na die seun van die afgestorwe keiser as die *seun van god* verwys. Augustus was die eerste Romeinse keiser wat verklaar het dat hy in lewe *here* is. Hy is as Octavianus gebore en het in die huis van Julius Caesar grootgeword nadat sy ma met die keiser getroud is. Volgens die geskiedenis het Octavianus die enigste seun van Julius Caesar in hul tienertyd vermoor.

Octavianus het nie 'n goeie verhouding met sy stiefpa gehad nie. Ná die sluipmoord op Julius Caesar, het Octavianus as enigste manlike erfgenaam beheer oor die hele Romeinse ryk verkry. Hy het egter geweier om die *seun van god* genoem te word. In 27 vC verander hy sy naam na Augustus en verklaar hy dat hy nie *god* is wanneer hy dood is nie, maar reeds in lewe *here* is.

Die tweede ontstellende ding waarvan Lukas vertel, is die volkstelling wat keiser Augustus laat afkondig het. Die volkstelling wat die beste uit die Ou Testament onthou word, was die telling wat koning Dawid gedoen het (2 Sam 21: 1-25; 1 Kron 21: 1-15). As straf op sy besluit het God 'n engel gestuur wat die volk met pes getref het en waarna talle mense dood is. Met die aankondiging van 'n volkstelling in die tyd van 'n keiser wat homself tot *here* verklaar het, het die gelowiges 'n groot ramp sien kom.

Dan verskyn 'n engel skielik aan die skaapwagters in die veld. Onvermydelik moes sy verskyning vrees gebring het. Die engel se boodskap was egter: *Moenie bang wees nie, ...ek bring vir julle goeie tyding... Vandag is daar in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus dié Here!* (Luk 2: 11). Daarmee wou Lukas sê: Augustus is nie *here* nie. Dit is 'n mite! Die kindjie wat in die stad van Dawid gebore is, Hý is die ware *Here*!

In ons huidige tydsgewrig tree mense soms na vore met inligting wat die evangelie nie ten volle verkondig nie. Moenie dat sulke mense u van stryk bring nie. Raak eerder geoefen daarin om die Bybel se tekste verder te lees. Dit help baie dat jou geloof standvastig bly.

Ds Neels van Tonder, Buffelspoort

(Hierdie is die laaste uitgawe van die *e-Hervormer* vanjaar. Die eerste uitgawe van 2014 verskyn op 16 Januarie. Ons wens ons lesers vrede toe vir die tyd wat voorlê.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

LITURGIESE KALENDER

Datum	Naam	Tema	Teks	Kleur
ADVENTSTYD				
01/12/13	Eerste Advent	Die wederkoms van Christus	Matt 25: 1-13 of 1 Tess 5: 1-10	Pers
08/12/13	Tweede Advent	Johannes die Doper	Luk 3	Pers
15/12/13	Derde Advent (*Sondag Gaudete*)	Verheug julle (oor koms, opstanding en wederkoms)	Fil 4: 4	Pienk
22/12/13	Vierde Advent	Gebeure direk voor Christus se geboorte, soos Maria se besoek aan Elisabet	Luk 1: 46-56	Pers
KERSFEES				
25/12/13	Kersdag	Geboorte van Christus	Luk 2	Wit
29/12/13	Eerste Sondag na Kersfees	Steniging van Stefanus	Hand 7: 54-60	Rooi
04/01/14	Tweede Saterdag na Kersfees	Naamgewing en besnydenis van Jesus	Luk 2: 21-24	Groen
EPIFANIE				
05/01/14	Epifanie	Die (h)erkenning van Jesus as die Messias	Matt 2: 1-12	Wit
12/01/14	1ste Sondag na Epifanie	Doop van Jesus	Matt 3: 13-17	Groen
19/01/14	2de Sondag na Epifanie	Verandering van water in wyn (Epifanie-sangfees)	Joh 2: 1-12	Groen

Verduidelikende opmerkings

Advent beteken koms, aankoms of wederkoms van Christus. Die voorbereiding vir die koms van die Messias begin deur te konsentreer op sy wederkoms.

Die liturgiese kleur van die derde Adventsondag verander van pers (die kleur van die Verlosser) na pienk. Die wit (simbool van sy opstanding) word in die pers opgeneem. Kersfees is onlosmaaklik aan Paasfees gekoppel – en daaroor juig ons. Hierdie is die ideale Sondag vir ’n Kerssangdiens.

In die verlede het 26 Desember bekendgestaan as *Tweede Kersdag*. Aangesien hierdie gebruik in ons tyd en wêreld verdwyn het, verskuif die teologiese bedoeling van hierdie dag na die eerste Sondag na Kersfees. Die steniging van Stefanus kry aandag. Die rede: Navolging van Christus impliseer ook vervolging. In die kerk juig ons die een dag oor die geboorte van die Verlosser, en gedenk die volgende dag die martelare wat die kerk gebou het.

Lidmate kan in hul stiltetyd op Saterdag 4 Januarie nadink oor die betekenis van Jesus se besnydenis en naamgewing.

In die Epifanietyd herdenk ons die verskyning van Jesus in ons wêreld. Die herkenning en erkenning van sy Seunskap, mag en heerlikheid kry aandag.

Vir meer inligting, lees die artikels van prof Natie van Wyk in *Konteks* (November/ Desember 2013 en Januarie/Februarie 2014).

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Neem asseblief kennis dat die Sinodale Kerkkantoor op Vrydag 20 Desember 2013 sluit en op Maandag 6 Januarie 2014 heropen.**

- **Emeritusprofessor Jan Barkhuizen** het op Woensdag 27 November 'n **opehartoperasie** in die Panoramahospitaal in die Kaap ondergaan om 'n hartklep te vervang. Ons bid hom algehele herstel toe. Sterkte ook aan prof Jan en sy vrou, Anne, met die opruimingswerk na die groot vloedskade aan hul woning in Somerset-Wes.

- **Prof MW (Marthinus) Pretorius** herdenk op Sondag 15 Desember **50 jaar in die bediening**. Die dankdiens vind plaas om 09:00 in die kerkgebou van Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg 100, Waterkloofpark. Prof Pretorius het onder meer jare lank die opdrag *bediening in Europa* behartig. Laat weet prof Pretorius teen 8 Desember by tel 012 993 5450 / 082 727 7570 / e-pos **lorrmart@gmail.com** indien u die verrigtinge wil bywoon.

- Sedert die 70ste AKV was daar **op enkele plekke pogings** om **gemeentes van die NHKA te laat afskei**. In feitlik al die gevalle was slegs 'n groepie ampsdraers en lidmate ten gunste van afskeiding, en gaan die gemeentes onder leiding van die ringskommissies voort met hul werk. Waar nodig, sal die belange van die gemeente deur litigasie in die howe beskerm word. Die Kerk betreur hierdie pogings om skeiding te bring tussen broers en susters in die geloof waardeur die behoud van gelowiges, die welsyn van die gemeente en die eer van God skade aangedoen word. Al die lidmate van die Kerk word versoek om vir die gemeentes en lidmate wat deur afskeiding geraak is, voorbidding te doen. Laat ons ook ons energie daarop fokus om met ons belydenis en ons optrede die Here te dien. Immers, ***ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.***

- **Ds Lewis Strauss** het na afloop van 'n gemeentevergadering in Gemeente Bloemfontein-Wes op Sondag 24 November skriftelik aangedui dat hy sy bande met die Nederduitsch Hervormde Kerk opsê. Die gemeente word nou in samewerking met die kerkraad deur die konsulent, dr Johan Nel, bedien.

- Tydens die Kommissie van die AKV se vergadering in November is besluit om **drr AJ (André) en J (Jonanda) Groenewald** met onmiddellike effek uit die amp te onthef, aangesien hulle lidmaatskap opgeneem het by die *Church of Scotland*.

- **Ds David du Plessis** van Gemeente Wonderboom-Suid se telefoonnommer (landlyn) is in die 2014 *Almanak* (bladsy 66) foutief. Die korrekte nommer is 012 664 8154.

- Op **Saterdag 30 November** vier **die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC)** hul **90ste bestaansjaar** in die Goddefroysaal in die Dirk van der

Hoffgebou in Pretoria. Die verrigtinge duur van 09:00 tot 16:00. **Dr Gerhard Lindeque** woon die vieringe by namens die Kommissie en dra 'n groeteboodskap oor. Kontak ds Modisaotsile Motloba by 012 322 8885 x262 of **mrcc@nhk.co.za** vir meer inligting, of indien u 'n donasie aan die MRCC wil maak.

- **Wêreldvigsdag 1 Desember.** Dit is vir ruim 20 jaar dat Wêreldvigsdag op 1 Desember herdenk word. Vanjaar val dit saam met **Eerste Adventsondag**, die Sondag waarop ons in die besonder fokus op *hoop.* Kom ons gebruik vanjaar die geleentheid om komende Sondag bewustelik mee te leef, en om te gee vir diegene wat met MIV/vigs leef. Kom ons ondersteun en help hulle in hul swaarkry. Laat ons die hoop uitleef. Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

- Die **Bybelgenootskap** van Namibië versoek gemeentes om hul bydraes aan die Bybelgenootskap teen die **einde van Desember** oor te betaal. Die deurkollektes van Hervormingsondag (28 Oktober) moet asseblief saam met bogenoemde teen einde Desember oorbetaal word. Die bydraemikpunt soos vasgestel deur die 70ste AKV is R36 per belydende lidmaat. Die **bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Namibië, Bank Windhoek, takkode 482172, rekeningnommer 1131252201. Gemeentes moet hul **naam** (NH Windhoek) as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Privaatsak 13294, Windhoek. Ds Barnie van der Walt kan by 061 235 090 of 081 127 1694 geskakel word indien daar enige navrae is, of stuur 'n e-pos na **gensec@nambible.org.na**.

- **ADV SE JAAR VIR GESTREMDHEID**. **Respekteer en akkommodeer.** Gemeentes moenie besluit waar die beste plek vir rolstoelgebruikers in die kerk is nie. Vind uit wat die doeltreffendste reëlings vir hulle is. Vind ook uit wat by mense met gestremdhede se huise of woonplekke gedoen moet word waartoe hulle nie self in staat is nie, en doen dit of reël dat dit gedoen word.

- Die volgende **gemeentes en ringe** moet dringend reëlings met mev Susann van Zyl van SENTIK tref om hul besendings van die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** te kom afhaal: Gemeentes Delmas, Ogies, Suidoos-Witbank, Witbank, Witbank-Noord en Witbank-Suid in die **ring van Bronkhorstspruit**; gemeentes Breyten, Carolina, Chrissiesmeer, Ermelo, Ermelo-Suid, Hendrina, Morgenzon en Pongola in die **ring van Chrissiesmeer**; gemeentes Balfour, Greylingstad, Heidelberg, Nigel en Standerton in die **ring van Heidelberg**; gemeentes Eikenhof, Johannesburg, Johannesburg-Suid, Midrand, Randburg en Turffontein in die **ring van Johannesburg**; gemeentes Brits, Hartebeestpoort en Vliegepoort in die **ring van Krokodilrivier**; gemeentes Kampersrus, Laeveld, Letsitele, Phalaborwa en Tzaneen in die **ring van Laeveld**; gemeentes Carletonville en Losberg in die **ring van Losberg**; gemeentes Bosmansrust, Christiana en Delareyville in die **ring van Maquassi**; gemeentes Belfast, Marble Hall, Roossenekal, Stoffberg en Van der Hoff in die **ring van Middelburg**; gemeentes Oos-Moot, Pierneef en Wonderboompoort in die **ring van Noordelike Pretoria**; gemeentes Kathu, Kimberley, Kuruman, Molopo en Vaalharts in die **ring van Noord-Kaapland**; gemeentes Glencoe, Losberg, Newcastle, Utrecht en Vryheid in die **ring van Noordelike Natal**; gemeentes Oos-Londen, Port Elizabeth en Setlaars in die **ring van Oos-Kaap**; gemeentes Pretoria en Wapadrant in die **ring van Pretoria**; gemeentes Elandspoort en Pretoria-Wes in die **ring van Pretoria-Wes**; gemeentes Culembeeck, El Flora, Horison Roodepoort en Weltevreden in die **ring van Roodepoort**; gemeentes Jac van Belkum, Rustenburg-Kloof, Rustenburg-Suid en Rustenburg-Tuine in die **ring van Rustenburg**; gemeentes Rust der Winter, Warmbad en Waterberg in die **ring van Waterberg**; en gemeentes Louis Trichardt en Van Warmelo in die **ring van Zoutpansberg**.

- Die **47ste Nasionale Kongres** van die **Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV)** vind plaas op 17, 18 en 19 Julie 2014 in die Aula, Universiteit van Pretoria, Lynnwoodweg 264, Pretoria. Die erepresident, erelede

van die Vereniging, predikantsvroue wat deur hul onderskeie takke afgevaardig is, voorsitters van takke wat nie predikantsvroue is nie, vrouepredikante van die Kerk wat deur hul takke afgevaardig is, emeriti en weduwees van predikante wat deur hul takke afgevaardig is en hoogstens twee afgevaardigdes van elke tak, vrouelidmate met adviserende stem (waarnemers: alle belangstellende vrouelidmate) en die administrateur van die Kerk of sy verteenwoordiger, **word hiermee na die Nasionale Kongres opgeroep**.

- Neem asseblief ook kennis dat die **NHSV-kantoor** van 9 Desember 2013 tot 9 Januarie 2014 **gesluit** sal wees.

- Die **tweede (hersiene) uitgawes** van die **graad 5- en graad 6-kategeseboeke** is nou beskikbaar; die eerste uitgawes daarvan het onderskeidelik in 2010 en 2011 verskyn. Soos die **grade 7-, 8- en 9-boeke** wat teen die einde van 2012 verskyn het, werk die nuwe materiaal ook op die basis van die drie fasegroepe wat van graad R tot graad 10 bestaan: Graad R tot graad 3 vorm die eerste fase, graad 4 tot graad 7 die tweede fase, en die laaste fase is graad 8 tot graad 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied, naamlik graadlesse, gesinslesse, faselesse en praktyklesse. In die praktyk sal dié nuwe aanbiedingswyse vanselfsprekend eers ten volle geld wanneer al die nuwe materiaal beskikbaar is. Die nuwe **graad 4- en graad 10-boeke** sal gedurende 2014 afgehandel word. Omdat die ou *Hart en Hand 8* (vir graad 10) uit druk is, sal oorweeg word om die eerste lesse van die nuwe graad 10-boeke vroeg in 2014 (na redigering) elektronies aan gemeentes beskikbaar te stel, totdat die graad 10-boek gereed is.



- ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*).** Die volgende vier temas sal gedurende 2014 aandag geniet:
  1. Die verlossingsleer (tweede deel van die Heidelbergse Kategismus).
  2. Klein en kleiner wordende gemeentes: Hoe kan ons hierdie uitdaging hanteer?
  3. Die Christelike etiek (derde deel van die HK).
  4. Rudolf Bultmann: Wat het ons positief en negatief oor hom te sê, 130 jaar na sy geboorte?

Verduideliking

1. Die verlossingsleer, soos dit in die Kategismus aangebied word, is baie wyd. Dit sluit naas die hele Christologie, ook byvoorbeeld die skeppingsleer in. 'n Baie wye spektrum van temas kan dus aan die orde kom.
2. Tydens die AKV het dit geblyk dat klein gemeentes en kleiner wordende gemeentes een van ons groot uitdagings is. Hierdie tema bied aan ons die geleentheid om opnuut oor die amp na te dink. Die hele saak van missionale bediening kan ook in hierdie uitgawe aandag geniet.
3. Die derde deel van die HK handel oor die etiek – die gebooie en die gebed. Naas bydraes oor spesifieke gebooie en gebede, sal die volgende twee sake ook in hierdie uitgawe aandag geniet: (a) Die saak van homoseksualiteit; en (b) die kulturele en politieke rol van die kerk. Laasgenoemde tema is die tema van 2014 in die "Luther-dekade". Met ander woorde, dit is die tema wat reg oor die wêreld bespreek gaan word in aanloop na 2017. Ons wil daarom inval by die projek "Reformasie 500". Indien ons genoeg bydraes ontvang, kan twee aparte uitgawes gepubliseer word.
4. Rudolf Bultmann is volgende jaar 130 jaar gelede gebore. Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) gaan 'n simposium oor sy teologie aanbied. Die referate sal in die 4de uitgawe van die *THT* gepubliseer word.

Uitnodiging

Persone wat belangstel om bydraes te lewer (tussen 3 500 en 7 500 woorde), moet onverwyld met die redakteur, prof Natie van Wyk, in verbinding tree by 082 448 4759 of **aim1@mweb.co.za**. Die bydraes moet algemeen verstaanbaar

wees, maar moet op deeglike navorsing berus. Die styl en aanslag moet eg Hervormd wees. Die **sperdatums** vir inhandiging is 21 Maart, 30 Mei, 30 Julie en 30 Augustus onderskeidelik.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Sionspoort: Feesnaweek**
  Vrydag 29 November tot Sondag 1 Desember
  Vrydag en Saterdag: Kersmark
  Die diakonie trakteer die gemeenskap se minderbevoorregte kinders
  (Meer inligting oor die mark op bladsy 11)
  Sondag: Kerssangdiens om 19:00
  Mathys Roets en die gemeentekoor tree op
  Skakel 082 464 1547 vir meer inligting

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met Doop Sondag
  Gedenkalbum teen R440 plus posgeld
  Kontak Dolla Coetzee by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Navrae aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

- **Gemeente Laer Suidkus: Vakansie-eredienste**
  Port Edward 08:00: Saal van Port Edward Primary School, Fifeweg
  Port Shepstone 09:30: Scottstraat 3
  Geloftedag 09:00: Gesamentlike erediens van susterskerke
  by NG gemeente Port Shepstone
  Kersfees: Port Shepstone 06:00 en Port Edward 08:00
  Predikant benodig te Port Edward op Kersdag, en vir dienste in Januarie
  Kontak ds Jacques Pieterse by 039 682 1059 / 082 458 4482 /
  jacquesjean@vodamail.co.za
  of die skriba, Frik Esterhuyzen, by 039 695 9340
  of Fanie Koekemoer by 083 456 8586

- **Gemeente Durban-Suid: Vakansie-eredienste**
  Desember: Sondae om 08:30
  Kerkgebou te Beaconweg 137 op die Bluff in Durban
  Kersfeesdiens op 25 Desember om 07:00
  Navrae aan prof Bieks Beukes by 072 036 4960
  of die skriba, Isabel Dirker, by 083 657 5182

- **Gemeente Strand: Eredienste Desember/Januarie**
  Elke Sondag en Kersdag om 09:00
  Kerkgebou te Strand, hv Boschendal- en Elimstraat
  Gesamentlike Geloftedagdiens met Gereformeerde Kerk
  16 Desember om 09:00
  Gereformeerde kerkgebou Altenaweg, Strand
  Navrae by oudl Japie Botha 021 851 6351

- **Gemeente Kaapstad: Vakansie-eredienste**
  Geloftedagdiens Maandag 16 Desember om 09:00
  Tygerberg se kerkgebou, ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
  Sondag 22 Desember om 08:45 Melkbosstrand (Robbenweg)
  09:00 Tygerberg
  19:00 Kersliedere by Tygerberg-kerkgebou
  Kersoggend 25 Desember eredienste om 09:00 Tygerberg en Melkbosstrand

Albei begin om 08:45 met samesang
Oujaarsdiens 31 Desember om 19:00 in Tygerberg-kerkgebou
Navrae aan skriba Johann Smith (076 326 1322) /
ds Kathleen Smith (021 551 5264)
Kyk ook op gemeentewebblad of Facebookblad

- **Hervormde Kersfeesdiens te Ballito: 25 Desember om 10:00**
  Kerkgebou van NG gemeente Noordkus (agter munisipale kantore)
  Alle lidmate – inwoners, kuiergaste en vakansiegangers – welkom
  Navrae aan ds Thomas Dreyer by 083 252 8242 / **tfd@mweb.co.za**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Januarie 2014, en word hartlik geluk gewens.**

o Donderdag 28 November:	Dr BJ (Barry) van Wyk (emeritus)
o Saterdag 30 November:	Ds JF (Jan) Wilson (Klerksdorp-Suid)
o Sondag 1 Desember:	Prof Y (Yolanda) Dreyer (UP) en ds AS (At) van den Berg (emeritus)
o Maandag 2 Desember:	Ds JPJ (Kalla) Fourie (Krugersdorp-Noord)
o Dinsdag 3 Desember:	Drr SM (Sanrie) de Beer (Philadelphia) en WJ (Willem) Smith (Parys)
o Sondag 8 Desember:	Prof TFJ (Theuns) Dreyer (emeritus) en ds S (Susan) Oosthuizen (Carolina)
o Maandag 9 Desember:	Ds TF (Thomas) Dreyer (emeritus)
o Woensdag 11 Desember:	Dr GCJ (Gerhard) Nel (Horison Roodepoort), di CJ (Johan) Bezuidenhout (Ermelo-Suid), DS (Daan) Smit (beroepafwagtend) en AV (Antonie) van Staden (Welgelegen-Pietersburg)
o Donderdag 12 Desember:	Ds MJ (Martin) Fouché (Goudveld)
o Vrydag 13 Desember:	Ds JP (Johan) du Preez (Van der Hoff) en prop A (Annézel) Otto (beroepafwagtend)
o Maandag 16 Desember:	Di JJ (Johan) du Toit (emeritus), JC (Johann) Marnewick (Johannesburg-Wes), M (Martin) Meyer (Secunda) en C (Charlene) van der Merwe (beroepafwagtend)
o Woensdag 18 Desember:	Ds JJC (Ogies) du Plooy (emeritus)
o Donderdag 19 Desember:	Ds MA (Marius) Venter (siekte-emeritaat)
o Vrydag 20 Desember:	Ds PC (Peet) Swanepoel (Derdepoort)
o Sondag 22 Desember:	Ds JH (Jan) van Staden (Bronkhorstspruit)
o Maandag 23 Desember:	Ds FP (Phillip) Horn (Louis Trichardt)
o Saterdag 28 Desember:	Ds CM (Corlien) van der Merwe (Hartebeestpoort)
o Sondag 29 Desember:	Ds PR (Phillip) Prinsloo (emeritus) en dr PJ (Piet) van Staden (emeritus)
o Donderdag 2 Januarie:	Ds DJAG (Dirk) du Toit (emeritus) en dr A (Anneke) Viljoen (Pinetown)
o Saterdag 4 Januarie:	Dr JP (Kobus) Labuschagne (emeritus)
o Sondag 5 Januarie:	Dr C (Christo) Pretorius (Pretoria)
o Maandag 6 Januarie:	Ds HF (Hennie) Louw (Newcastle)
o Donderdag 9 Januarie:	Ds I (Ivan) Katzke (Bloemfontein)
o Vrydag 10 Januarie:	Ds JH (Jan) Kay (Utrecht/Vryheid)
o Sondag 12 Januarie:	Di A (Annerie) Conradie (Culembeeck) en DS (Dawie) Jacobs (Lichtenburg-Oos)
o Maandag 13 Januarie:	Dr FJ (Frikkie) Labuschagne (Sinodaal)
o Dinsdag 14 Januarie:	Prof PA (Piet) Geyser (emeritus), di J (Japie) Coetzee (Kempton Park-Oos), JMC (Chris) de

Beer (siekte-emeritaat), CJA (Tony) Simpson (emeritus) en G (Gerhardt) Venter (Saffierkus)

- Woensdag 15 Januarie: Di W (Werner) Olivier (Eendracht) en GJC (Chris) Schoeman (Boksburg)
- Donderdag 16 Januarie: Ds JH (Hannes) Viljoen (emeritus)
- Vrydag 17 Januarie: Di WJ (Willie) Roos (emeritus) en CJ (CJ) van Wyk (Randburg)

Beplande vergaderings

- Donderdag 5 Desember: Kommissie van die AKV Legitimasieplegtigheid
- Donderdag 9 Januarie: Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
- Donderdag 16 Januarie: Redaksie van *Die Hervormer* Finkom van die ADV
- Vrydag 17 Januarie: Moderamen
- Saterdag 18 Januarie: NHSV Dagbestuur

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Ons Tuis (Riviera, Pretoria)**, tehuis vir versorging van verswakte bejaardes, het tans plek beskikbaar. Ons bied u 'n volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging,
  - 3 maaltye per dag,
  - sekuriteit, en
  - gereelde sosiale aktiwiteite.

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623. Aansoekvorms kan afgetrek word op **www.otmt.org**, of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms aan u te stuur.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
  24-uur versorging met drie maaltye word voorsien
  Tans is daar beskikbare kamers:
  - 2 enkelkamers suidekant @ R5 800
  - 2 beddens in die 4-bed-kamer @ R5 800

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
  4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

Kampe en toere

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2014**
  Plek: *Serube Sa Phakwe*
  (avontuur-, sport- en lewensvaardigheidsentrum in die Vredefort-koepel)
  Datum: Dinsdag 7 tot Vrydag 10 Januarie 2014
  Tyd: Vertrek Dinsdag 7 Januarie om 13:00
  Terug Vrydag 10 Januarie om 13:00
  Vertrekpunt: Vanaf die kerkgebou in Silwerstraat 19
  Ons ry almal saam per bus – jy gaan hier reeds begin vriende maak!
  Skakel dr Rudy Denton by 018 294 3509 / 082 459 9710
  of Terzie Denton by 082 475 4618
  of Salome Lubbe by 072 993 8183 indien jy enige vrae het
  Besoek ons webblad vir registrasie:
  http://www.studentegemeente.com
  http://www.facebook.com/PotchStudente

- **TUKS Eerstejaarskamp 2014**
  Aangebied deur Gemeente Philadelphia
  Tema: *Die lewe is 'n Rubik's-cube*
  Datum: Vrydag 10 tot Dinsdag 14 Januarie 2014
  Prys: R950 voor 15 Desember 2013 en R1 000 na 15 Desember 2013
  Die kamp vind by Kwaggasrus plaas
  Bymekaarkomplek: NHKA Philadelphia
  Afslag van R50 op kampprys vir matrieks per mede-matriekvriend
  wat jy saambring
  Skakel Annieka by 072 758 / Hanri by 073 171 5386
  Vind ons op Facebook: Tukkies EJK 2014

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2014**
  Is jy 'n toekomstige Matie? Kom kamp dan saam met ons
  Saterdag 18 Januarie 2014 om 12:00 tot **Dinsdag 21 Januarie** om 15:00
  Indien jy eers 22 Januarie in die koshuis of elders moet aanmeld, kan ons vir jou stoorplek gee vir jou bagasie, en selfs slaapplek as dit vir 'n nag of wat nodig is. Kom maak sommer van vroeg af goeie vriende, leer die omgewing en kampus ken en word so ook deel van die kerklike omgewing, waar ons 'n baie aktiewe HSV het. Ons beplan om groot pret te hê op die kamp. Daar gaan besprekings wees oor jou geloof en jou studentejare, maar ook genoeg pret en plesier – swem, speletjies, stap, uitstappies...
  Baie belangrik: Indien jy ander briewe ontvang het wat jou nooi na Eerstejaarskampe, dit is ***almal kerkkampe***, al sê hulle dit nie duidelik in die briewe nie. Kom kamp dus asseblief saam met jou Kerk!
  Kontak ds Chris le Roux by 079 498 3239 / **cleroux@nhk.co.za**
  of Johanet van der Merwe, HSV-voorsitter, by 073 941 7810.

- **Leef jou droom en besoek Israel saam met my**
  26 Maart tot 5 April 2014
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië
  Geniet die piramides en sfinks as bonus op pad huis toe
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 lewensveranderende dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  012 420 3804 (w) / 082 413 2332 / **ernest.vaneck@up.ac.za**
  Allesinsluitende aangepaste toerprys: R26 968
  Gebaseer op wisselkoers USD1.00 = ZAR10.00
  Internasionale retoerlugvervoer met Turkish Airlines in ekonomiese klas; lughawebelastings; 15 dae verblyf in eersteklas (4 ster) hotelle; drie etes daagliks; grondvervoer in luukse bus met lugversorging; alle toegangsfooie; dienste van professionele Engelssprekende gids en groepreisversekering.
  Inhoudryke reisplan sluit onder andere die volgende hoogtepunte in:
  - Tarsus (Paulus se geboorteplek)
  - Skoorsteenlandskap en ondergrondse stede van Kappadosië
  - Die sewe gemeentes van Klein-Asië
  - Die natuurwonder van Pamukkale
  - Die Griekse eiland Patmos (Grot van Johannes se Openbaring)
  - Skone Assos aan die Egeïse kus
  - Drie nagte in Istanbul

  Moenie hierdie unieke geleentheid misloop nie.
  Daar is net enkele plekke oor!
  Vir meer inligting kontak:
  Formele reisagent: Louise Geyser
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**

- **Vrouekamp 2014: Vrydag 16 tot Sondag 18 Mei 2014**
  Alle dames van gemeentes, dagboek asseblief die datum!
  Tema: *Wat is nuus?*
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Koste: R550 per persoon
  Kampgronde ongeveer 40 km buite Pretoria
  Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- Dalene Supra van **Gemeente Primrose** laat weet soos volg: “Ons gemeente trek regtig swaar, en verlede jaar het ek Everest tot by Base Camp geklim, en ’n vlag met die gemeentewapen en handtekeninge daar geplant. Ek het so **fondse ingesamel** vir die gemeente. Hierdie jaar klim ek Kilimandjaro en dra weer ’n vlag met die gemeentewapen en handtekeninge. **Die fondse gaan weer vir die gemeente.** Ek sal ’n Facebook-bladsy skep van die klim sodat die Nederduitsch Hervormde gemeenskap die klim en plant van die vlag kan volg. Ek vra ook dat enige gemeente wat ’n bydrae kan maak ten bate van fondse vir Gemeente Primrose dit in die volgende bankrekening inbetaal: Nederduitsch Hervormde Kerk Primrose, ABSA, rekening nommer 250 590 431, takkode 632005.”

- **Gemeente Pretoria-Noord: Liggiefees**
  Ben Viljoenstraat 291, Pretoria-Noord
  Sondag 1 tot Vrydag 6 Desember
  Lewensgrootte uitbeelding van Christus se geboorte
  Sondag 1 Desember 09:00: Diens met Mannekoor van Pretoria

17:00: Buitelugdiens met Riana Mouton
Daarna word die liggies aangeskakel
Maandag 18:00: Kleuterskoolkore, Nakkie die Nar en inkleurkompetisie
Dinsdag 18:00: Optrede Ruan
Woensdag 18:00: Optrede Dirk en Marlouise
Donderdag 18:00: Optrede Adrian Casselman
Vrydag 18:00: Optrede Vaugh Venton
Kersmark elke dag van 09:00 tot 20:00
Skakel Petro de Beer by 082 336 5697 vir meer inligting

- **Gemeente Otjiwarongo: Resepteboek *Manna en kwarteltjies***
  Beproefde resepte vanuit die gemeente
  R120 per eksemplaar plus posgeld vanaf Namibië
  Ideale Kersgeskenk
  Kontak ds Elritia le Roux by **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Pretoria-Noord: Valentynsdans**
  Vrydag 14 Februarie 2014 vanaf 19:00
  Skakel Eurita by 082 828 0811 vir meer inligting

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2014, trekking 1 Junie 2014
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Chaan Bezuidenhout
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Alida Reed by 082 228 3552
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895

Basaars en markte

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 November: Gemeente Sionspoort Kersmark**
  Handgemaakte items van hoë kwaliteit te koop
  Talle kosstalletjies en vermaak
  Die diakonie trakteer die gemeenskap se minderbevoorregte kinders
  Skakel 082 464 1547 vir meer inligting

- **Saterdag 30 November: Gemeente Ventersdorp: Minibasaar**
  Handgemaakte Kersgeskenke en vele meer
  Kom geniet die dag saam met ons
  Daar sal baie te ete en te drinke wees
  Kom proe ons sosaties en alombekende boerewors teen lae pryse
  Kontak ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960
  of Nico Kock by 083 204 6715

- **Saterdag 30 November: Gemeente Strand: Basaar**
  Plek: Saal van NG Moedergemeente
  Adres: hv Birkenhead- en Faganstraat
  Van vroeg tot laat met alles en nog wat
  Kom besoek ons en ondersteun ons as u in die omgewing is
  Navrae aan Douw Steyn by 071 382 1900

- **Saterdag 30 November: Gemeente Bellville: TOEKAFEES 2013**
  By Laerskool Brackenfell vanaf 09:00 tot laat
  Kom eet en drink iets lekker
  Kom kyk na veteraanmotors en ou trekkers
  Kom kyk na ou versamelings en demonstrasies
  Kom luister na lekker musiek
  Kom – bring jou gesin en vriende
  en geniet 'n lekker outydse uitstappie in karnavalatmosfeer
  Toegang: R10 per volwassene en kinders op skool R5
  Kontak Nico by 082 823 5441 / Gert by 083 761 4320

ANDER NUUS

- **VAKATURES VIR MAATSKAPLIKE WERKERS**
  Ondersteuningsraad
  Kempton Park en Elsburg 1 voltydse pos elk
  Minimumvereistes: Maatskaplikewerkgraad en geregistreer by SACSSP
  Geldige rybewys
  Stuur CV stuur na 012 322 5787 (faks) / **oraad@nhk.co.za**

- **2 VAKATURES VIR SEKRETARESSES**
  Ondersteuningsraad Johannesburg (Newlands) en Kempton Park
  Elk 10 ure per week
  Salaris volgens jare ervaring
  Vereistes: Rekenaarvaardig en kennis van boekhouding
  Goeie administratiewe vaardighede en goeie menseverhoudinge
  Geldige rybewys
  Stuur CV aan Karen du Buisson (071 684 7855) by **oosrandpb@gmail.com**

- **KERSMARK: TRANSORANJE SKOOL VIR DOWES**
  Nog tot 1 Desember
  Saal L, Tshwane Event Centre (Pretoria-skougronde)
  Toegang gratis – hek P8 in Kerkstraat
  Saterdag 23 November: *Save a Rhino*
  2,5 km pretstap 20 per persoon – registrasie 09:00
  Navrae by 012 386 6072-5 / **www.transoranje.webs.com**

- **VOORTREKKERMONUMENT KONTREIMARK**
  Saterdag 7 Desember 08:00 tot 14:00
  Teetuin en Afrikaanse kunstenaars
  Hand-/tuisgemaakte artikels en vars produkte
  Toegang R20 per voertuig
  Navrae aan Thea Furstenburg by 012 326 6770 / **thea@vtm.org.za**

- **AFRIKAANS SE WORTELS**
  14 Desember om 10:15 vir 10:30
  In die Kunsgalery van die Voortrekkermonument
  Helena Liebenberg se voordrag oor WOORDREIS NA DIE BRONTAAL
  Navrae by 083 258 1342 / **Helena@taaloord.co.za**

- **INTERKERKLIKE GELOFTEDIENS: 16 Desember om 08:00**
  Samesang vanaf 07:50
  Kerkgebou van NG gemeente Hartbeesspruit-Queenswood
  hv Webbweg en Garretlaan (ingang uit Garretlaan), Queenswood
  Prediker: Ds HL Stavast van Gereformeerde Kerk Totiusdal
  Deurkollekte ten bate van Bybelverspreiding
  Navrae aan oudl Peet Visser van Gemeente Oos-Moot
  012 332 1202 / 082 432 0220

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Baie dankie vir julle e-nuusbrief wat ons deurlopend hierdie jaar ontvang het. Ons het ook hier en daar met erkenning julle voorblad gebruik vir ons weeklikse *VrydagNuus*. Sterkte met die goeie teologie waarmee julle die kerk die toekoms in wil neem. Geseënde Kerstyd vir julle toegewens. Vriendelike groete."

Dr Ben du Toit
Direkteur Kommunikasie: NG Kerk Sinode van Wes- en-Suid-Kaap
Parlementêre Lessenaar/Leerstellige Sake Algemene Sinode NG Kerk

"Ek wil vra dat elke lidmaat die Kommissie van die AKV God se seën toebid vir die groot uitdaging wat op hul skouers rus. As gelowiges weet ons alles is moontlik met God se krag en teenwoordigheid. Mag ons almal met die genade van ons Verlosser en die werking van die Heilige Gees *daar wees* vir almal wat ons nodig het, in Jesus se Naam en tot sy verheerliking. Mag hierdie geleentheid die Kerk weer relevant maak in die wêreld en alle mense tot geloof roep met die wete dat Jesus gesterf het vir almal wat Hom aanneem as Verlosser."

André du Plessis
Gemeente Brits

AGTERBLAD

Kerkpublikasies vir Desember

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx